## 10 Augustus Genesis 45:1-16; 50:15-26

### *God se wonderlike plan in en deur die lewens van sy kinders (2)*

As mens vanuit die einde van Josef se lewe terugkyk na die geheel sien jy: God se plan is altyd baie groter as die vraag: Wat doen God in my lewe? God se plan is altyd veel wyer en dieper as die probleme wat ek in my lewe ervaar. Hy het dit self nie besef toe hy die leed ervaar het nie. Hy sê in hoofstuk 40:15: "Ek is uit die land van die Hebreërs gesteel en ook hier het ek niks gedoen waaroor hulle my in hierdie gat kon gooi nie".

Maar aan die einde sê hy: "... God het my voor julle uit gestuur om lewens te red" (45:5) en "... Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God" (45:8). Waarom is Josef deur sy broers verraai? Waarom land hy in Potifar se huis? Waarom beland hy in die tronk? Omdat God 'n hele aantal faktore laat saamwerk om hom op die regte tyd op die regte plek te hê vir 'n veel groter doel as wat enige van die mense wat betrokke was ooit kon besef.

Hy en ons moet leer: Wag op die Here! Sy tyd is die regte tyd. Op sy tyd sal jy agterkom dat jou lewe 'n klein onderdeeltjie is van 'n plan wat veel groter en magtiger is as waaraan jy kan dink of oor kan bid.

God se doel met die moeilike dinge in jou lewe is altyd veel groter as wat jy ooit kon verwag. God sit jou op die regte tyd op die regte plek neer vir diens in sy koninkryk. Dien hom voluit, net daar waar jy nou is.

Dr. P.J. Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)